TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 3/1/2017 **Datum: 26 Januarie 2017**

Uit die kantoor:

Ouerbraai
Kan ons nie maar elke week 'n braai reël nie, dan reën dit meer gereeld. Dankie vir die ouers wat die gure weer getrotseer het en nogtans lekker gekuier het.

Tjokkie-kerkdiens:
Dit was spesiaal om soveel ouers en Tjokkies in die kerk te sien. Die boodskap dat ons, "Vissers van mense moet wees" is so belangrik en mag dit so wees dat ons dit sal uitleef.

Borge:
Ek maak graag melding van 'n paar van Tjokkies se groot borge wat ons weer die jaar finansieel ondersteun. Sien ook ons webblad waar hulle logos verskyn en ondersteun hulle asb.

- ***Universitas SPAR – Mnr Kallie Grobler***
- ***G6 Motorhersteldienste –Mnr Werner Griesel***
- ***MIDAS GROEP – Mnr Louis van Rensburg***

Waardes:
Ons fokus die kwartaal op ons waarde "NET MY BESTE" Maw die ontwikkeling van elke kind se eie potensiaal en nie die beste teen alle koste nie.

Die akademiese mannetjie wat jy hier onder sien is ons informele Tjokkie-logo.

BELANGRIKE DATUMS

27 Jan: Tjokkies se kleur-gala by die UV se swembad. Meld asb 7:15 aan. Ons behoort 12:00 klaar te wees waarna kinders huistoe mag gaan. Sien asb die volledige skrywe wat u kind ontvang het.

Senior Koorkamp. Die koorlede het 'n skrywe met die inligting ontvang.

30 Jan: Krieketliga begin die week. Sien die bepalings wat u ontvang het.

31 Jan: Die biblioteek is ook weer oop op Dinsdae en Donderdae van 13:30 tot 14:00 asook langpouses.

Die Voortrekkers hou 'n waat-lemoenfees by die swembad. Onthou swemklere en handdoek.

1 Feb: Gr R en Gr 1 aansoek vir 2018 open. Huidige Tjokkies-ouers moet nie net aanvaar dat julle plek het nie. Doen asb betyds aansoek.

2 Feb: Intergala met Willem Postma (weg). Die swemmers sal briewe ontvang.

VERJAARSDAE

28 Jan: Juf Helena Potgieter (K/S)

BEROEP OP OUERS

Die vriendelike inwoners van Louis Boksingel het my kom sien oor die parkering in die straat en die parkering op die parkie-eiland in die singel.

Hulle vra groot asb dat u nie op die eiland parkeer nie. Nie net ry u die bietjie gras wat daar is dood nie, maar die stof veroorsaak vir hulle baie ongerief in hulle huise en swembaddens. Hulle versoek ook dat u so sal parkeer dat u nie die pad versper en 'n veiligheidsrisiko vir ons kinders veroorsaak nie. Buitestaanders begin nou ook die parkie gebruik as stilhouplek wat weer tot ongewenste praktyke lei.

Ons weet dat parkering 'n probleem by alle skole is, maar Tjokkies het 6 toegangshekke en ek vra vriendelik dat u dit selektief sal kies sodat een hek nie oorbenut word nie.

Die skuinsopritte wat gemaak is, is onwettig en gaan herstel word. Indien dit nie help nie, sal hulle in samewerking met die raadslid na ander alternatiewe moet kyk.

Ek dink u het begrip vir hulle dilemma en namens die skool maak ek ook staat op ons ouers se samewerking in die verband. Ek wil nie graag sonde met ons bure hê nie en verkies om in harmonie met hulle, wat deur die jare uiters geduldig met ons onbedagte optredes was, te leef.

SKOOL- & MIDDAGSTUDIEGELD

Die eerste skoolgeldpaaiement is voor 7 Februarie betaalbaar.

Middagstudiegeld is kwartaalliks vooruit betaalbaar, maar kan ook per debietorder saam met skoolgeld betaal word.

BLOEKOMBOOM ("Love tree")

Die ou groot boom by die swembadhek is sinoniem en deel van Tjokkies se tradisie met al die hartjies wat deur die jare daarop uitgegrafeer is.

Ongelukkig het die onlangse droogte en die feit dat die vooruitsigte vir beter reënval in Bloemfontein (SA) nie gunstig lyk nie, gaan ons geen ander keuse hê as om dit uit te haal nie, hoe graag ons dit anders sou wou hê.

U sou ook merk hoedat die boom die grond uitgeput het op die rugbyveld, soveel so dat ons nuut moes gras plant. Die kenners beweer dat so boom tot 200 liter water per dag suip wat in 'n waterskaars land nie geregverdig is nie. Die feit dat Bloekombome uitheemse bome is en uitgeroei behoort te word, maak ons besluit ook makliker.

Daar sal deur die BL na ander alternatiewe gekyk word om dit te vervang, sou die boom moet waai!

Indien daar enige ander standpunte is, is u welkom om met my of die BL lede te skakel alvorens ons 'n finale besluit teen 3 Feb maak.

Graad 7 Spanbou

Die Prefekte reël 'n dansopleidingsessie vir alle graad 7 leerlinge op 17 Feb. Kyk uit vir die volledige inligtingsbrief.

WAGGERY VOOR KLASSE (Herhaal)

Die onderwysers vra vriendelik dat ouers nie vroeër as 5 min voor sluitingstyd by die klasse moet wag nie. Hulle is op die stadium nog besig met onderrig en die gee van finale opdragte en geraas wat die voorskoolse en ander skoliere veroorsaak is erg steurend. Wag asb. maar by die sportvelde, snoepie of hekke. Baie dankie vir u begrip.

Toelatings vir 2018: (Herhaal)

Aansoek vir toelating by beide die grootskool en die kleuterskool open Woensdag, 1 Februarie. **LET ASB DAAROP DAT ONS VANAF 2018 WEGDOEN MET DIE GRAAD RR KLAS OM PLEK TE MAAK VIR DIE GROOT VRAAG NA GRAAD R LEERLINGE. ONS SAL DUS 4 GRAAD R KLASSE IN 2018 hê.**

Vorms is by die onderskeie kantore en op die webblad beskikbaar. Moet asb nie laat slaap nie. Tjokkies is baie gewild en sommer gou vol. Sien punt 6 van ons toelatingsbeleid op die webblad.

VOORTREKKERS

Kommando-bestuursvergadering om 17h00. Alle inskrywingsvorms word eers in Februarie uitgedeel.

KOPLUISE

Hierdie knape maak van tyd tot tyd hulle opwagting en teiken veral dogters met skoon hare. Doen tog asb gereeld inspeksie en indien u dalk n briefie van die skool ontvang, moenie vir ons kwaad wees nie. Ons tref maar net voorsorg. Die gerugte wil dit hê dat die kêrels ver kan spring. Hoe jeuk my kop skielik nou.

Atletiek

Atlete wat aan **die Zone Byeenkoms** op Dinsdag 7 Februarie gaan deelneem, ontvang vandag hul briewe en hul inskrywingsgelde moet voor of op 1 Feb by die onderwysers, soos aangedui, inbetaal word.

Die **Fichardtpark Byeenkoms** van 11 Feb verskuif na **Vrydag, 17 Feb** en begin om 14:00. Skrywes in verband hiermee volg later.

RITMEGROEP

Ritmegroep oudisies vind plaas op 31 Januarie 2017 in die skoolsaal vanaf 16:00 vir alle seuns/dogters van Gr.4-7.

Die leerders wat wil deelneem het die nodige reëlings ontvang.

Indien enige navrae kontak Juf Yolandé – 082 254 6267

SNUFFELS

Suiwer Heuning
Plaas nou bestelling by
Mnr. Nicolaas.
R45/500g
083 631 5824

Valentines Fees ten bate van Ilane leersentrum te Bobbiespark op 11 Feb. Stalletjies en vermaak vir hele gesin. Kontak 082 451 1022.

SNUFFELS

Tjokkie-ouers en gesinne**:** Ons nooi julle hartlik uit na die volgende FRANSE MARK 4 Feb 2017, 07h30 - 14h00. Verskeie lekkernye te eet en proe. Franse gebak, crepes, melktert, spitgebraaide hoendertjies, hope kindervermaak en veilige speelplek. Franse musiek en sangoptrede tydens etensuur.

Toegangsfooi: Volwassens: R20pp, Kinders: R10pp, Onder 6jaar: Gratis. Adres: Speserylaan 40, Kwaggafontein, oorkant Makro. Skakel Suretha vir verdere inligting - 083 329 4872

Motor baba/kinderstoeltjie vir 0-3 jaar en 3-6jaar beskikbaar. Net een jaar gebruik. In puik kondisie @ R1 000 elk. Beide stoele gebruik motor se veiligheidsgordel en het plek vir gordel om in te haak sodat gordel op die regte plek jou kind beskerm. Stoeltjies swart met fyn oranje sprepie. Kontak Phyllecia by 076 357 3091.

Cupcakes vir verjaarsdae @ R7 elk. Lewer af by skool. Edugrafix skooljaaralbums - skakel Enge by 084 5115 294

Vir heerlike tema-koeke en cupcakes vir kinderpartytjies kontak gerus vir Blanche Botha by 0725052247

Loodgieter/Plumber - Kontak Johan (**Skippie**) Scheepers, **083 524 8001** vir installasie en herstel van krane, gebarste pype, toilette, baddens, wasbakke, geysers, storte en rioollyne. Skippie verskaf gratis kwotasies. ***Service Solutions Loodgieters***

KRIEKET LIGABEPALINGS 2017

Tuisspanne word eerste genoem

	o/9 A Liga - A-span	**o/9 A Liga - B-span**
30 Jan	PBS vs Univ	Breb vs Univ
6 Febr	Saints vs Univ	WP vs Univ
13 Febr	WP vs Univ	Grey vs Univ
20 Febr	JF vs Univ	Saints vs Univ
27 Febr	Grey vs Univ	PBS vs Univ

	o/11A Liga - A-span	**o/11 A Liga - B-span**
31 Jan	PBS vs Univ	Grey C vs Univ
7 Febr	Univ loslootjie	WP vs Univ
14 Febr	JF vs Univ	Grey F vs Univ
21 Febr	Grey A vs Univ	Saints vs Univ
28 Febr	FP vs Univ	Grey E vs Univ

	o/13 A-liga - A-span	**o/13 A-liga - B-Span**
2 Febr	Grey A vs Univ	Univ loslootjie
9 Febr	Univ loslootjie	PBS vs Univ
16 Febr	JF vs Univ	Breb vs Univ
23 Febr	PBS vs Univ	Grey C vs Univ
2 Maart	FP vs Univ	Saints vs Univ